

Geschiedenis van Hoërskool Grens

1926 - 1947

Stigting



Mnr. Theodore Goddefroy was vanaf 1926 die kampvegter vir Afrikaansmedium-onderwys in Oos-Londen en in 1933 is goedkeuring van die Departement ontvang om 'n hoërskool met twee onderwysers te begin.

Die Hoërskool Grens is op 29 Januarie 1934 in Oos-Londen, 'n stad langs die Ooskus van Suid-Afrika, gestig om die Afrikaanssprekende seuns en dogters in die oorwegend Engelssprekende gebied deur hulle moedertaal tot selfrespekteerde, karaktervaste landsburgers, wat goed tweetalig toegerus is, op te voed.



Skoolhoofde en enkele hoogtepunte

Mnr. D.J. Rabie word as die eerste skoolhoof aangestel, 'n pos wat hy tot sy afsterwe in Januarie 1947 beklee.

Hy en mev. Rabie word ook in 1941 koshuisvader en -moeder.


Mnr. D.P. du Toit (Sprinkaan) begin as eerste onderwyser van die skool, word in 1955 adjunkhoof en is 32 jaar deel van die geskiedenis van die skool.

Eerste tuiste

Op Maandag 29 Januarie 1934 is die Grens Afrikaanse Hoërskool in die ou Frere hospitaalgebou in Beaconsfieldweg geopen. Die skool beskik oor slegs 33 leerlinge, die skoolhoof en een onderwyser, maar teen Maart 1934 was daar vier onderwysers en 53 leerlinge.



Personnel en Skoolkomitee - 1934



Die vervalle toestand van die eerste tuiste asook die bou aan die ideale vir die skool en die leerlinge het die hoof, mnr. Rabie, geïnspireer om die gepaste leuse, BOU, te kies. "As iemand op dié fondament bou, goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys". Die leerders is gevra om 'n skoolwapen te ontwerp. Die wapen wat aanvaar is, is deur Calvyn Bothma ontwerp.



Eerste verhuis

In 1937 verhuis die skool na die ontruimde koshuis van die Hoër Meisieskool en word daar met 'n koshuis in die annexgebou (hoek van Oxford- en Muirstraat) begin. Verskeie geboue en huise is by gehuur om die groeiende aantal leerlinge van die omliggende distrikte te kan akkommodeer.

1947 – 1952



Mnr. J.A. du Plessis

Mnr. J.A. du Plessis wat vanaf 1940 ‘n onderwyser by die skool was, word in Januarie 1947 as die tweede skoolhoof aangestel en sterf in Januarie 1952 in die tuig.

Tweede verhuisings

Aan die einde van 1947 het die Hoërskool Grens die ontruimde skoolgebou van die Hoër Meisieskool oorgeneem, maar die geriewe was ontoereikend met geen plek vir die buitemuurse aktiwiteite nie. ‘n Stryd om ‘n eie skoolgebou is weer eens gevoer.



Die ontruimde gebou van die Hoër Meisieskool - 1947

Die meisies trek gedurende hierdie tyd na die koshuisgebou van die Hoër Meisieskool en Muirstraat 12A word as ‘n addisionele koshuis vir die seuns aangekoop.

Mnr. D.P. du Toit skryf die eerste skoollied.




Die personeel -1949

Christo de Welzim en Willem Rautenbach speel in 1949 vir die eerste gestigde Grensstreekskole-rugbyspan, die Nortjé-broers asook G. Kilian en C. Cornelius speel in die Grensstreek provinsiale span en Christo de Welzim speel ook vir die Grensstreek o.19-span. Laasgenoemde is die eerste leerling wat erekleure verwerf.



Christo de Welzim



1950-Eerstespan Rugby

‘n Gimnastiekklub vir seuns word gestig, skoolatletiek word ‘n jaarlikse instelling en drie leerlinge word vir die Junior Grens atletiekspan gekies. ’n Eerste hokkie- en dogterstennisspan neem in 1950 aan ligawedstryde deel. Daar word met netbal begin en hulle wen hulle eerste beker. Nico Schneider word die SA en Grens Junior Bantamgewig bokskampioen en die skool stig ‘n boksklub.




In 1939 het die akkommodasieprobleem werklik ernstig geword. Daar is selfs in die konsistorie van die NG Kerk skoolgehou. Drie tente vir akkommodasie behoeftes is by die Departement aangevra, maar slegs twee is voorsien.

Gedurende mn. Rabie se tydperk as hoof word 'n C.S.V.-tak, 'n Voortrekkerkommando en 'n leerlingorkes gestig, debatsaande word gehou, 'n eerste jaarblad verskyn en die operette Sarie Marais word met groot sukses opgevoer. Pluimbal word gespeel, 'n o.16-rugbyspan speel op 'n geleende veld en mn. Du Toit begin die skooltoere tydens vakansies. In 1935 slaag die eerste drie matriekleerlinge en Marais Goddefroy (seun van mn. T. Goddefroy) word die eerste Grensleerling wat universiteit toe gaan en word 'n mediese dokter.

'n Primêre afdeling met 211 leerlinge word in 1937 by die hoëskool gevoeg, maar stig in 1942 weer af as 'n aparte skool met 'n aparte hoof.



1952 – 1953




Dr. N. Sieberhagen is vanaf April 1952 tot Desember 1953 die skoolhoof.

Leonie van Wyk (1953) word in 1954 die eerste van talle Grensleerlinge wat die goue Burgemeestersmedalje vir die hoogste gemiddelde punte van al die leerlinge van die Oos-Londenskole in die Senior Sertifikaatskonsert ontvang.

Die skool kry 'n erekode, 'n kadetafdeling word gestig en volkspele word ingevoer. Daar word met krieket begin, rugbyspanne neem aan ligawedstryde deel, tenniskampioenskappe word gehou en die skoolkoor wen 'n wisseltrofee. Die skool lewer twee provinsiale verteenwoordigers in boks en een in rugby op.

1954 – 1963



Mnr. H.J. Groenewald

Mnr. H.J. Groenewald word in Januarie 1954 die volgende skoolhoof en tree in Maart 1963 af.

In 1954 word die eerste volwaardige prysuitdeling gehou. Die skool lewer die eerste wenner van die Rotariér-redenaarswedstryd, ‘n provinsiale skut, provinsiale atlete, provinsiale hokkiespelers asook netbalspelers in die Oos-Londenskolespan en later in die provinsiale span en provinsiale rugbyspelers op. Marie Hattingh haal in 1955 die SA ranglys vir gewigstoot.

In 1955 word die skool se mondigwording gevier en die skool beskik nog oor geen rugbyveld, hokkieveld of atletiekbaan nie, ook nie ‘n terrein by die skool waar die kadette parade kan hou nie, wat die prestasies nog meer merkwaardig maak.

Derde verhuisning



Mnr. Groenewald spit die eerste sool



In 1957 spit mnr. Groenewald die eerste sooi van die nuwe skool op die terrein op die bult en dr. J.G. Meiring (S.G.O.) hou 'n toespraak by die hoeksteenlegging.






T. van der Nest en S van der Walt,
hoofleiers tydens hoeksteenlegging

Uiteindelik, in die derde kwartaal, 1959, breek die groot dag aan. Onder begeleiding van die kadetorkes marsjeer die skoolhoof, mnr. Groenewald, 22 personeellede en 480 leerlinge in 'n lang slang van byna 'n kilometer na die nuwe skoolgebou op die Baysville-bult wat uitkyk oor die see.



Uittog uit die ou skool - Julie 1959



Aankoms by die nuwe skool - Julie 1959

Teen dié tyd was die rugbyvelde al mooi groen, want mnre. J. Bence en C.P.F. (Reus) Marais, het voor die tyd, met die hulp van die seuns, die gras aangeplant. Die koshuis was nog in aanbou. Die gebeure het mev. Rina Groenewald, die skoolhoof se vrou, geïnspireer om die nuwe skoollied te skryf: "Hoog op die heuwel waak jy oor die grense van ons land, van ons liefde..." (Mnr. P.J. Lemmer komponeer by 'n later geleentheid die musiek.)

Die skool het daarna vinnig gegroei. Teerpaale is om die skoolgebou aangelê en in 1961 is 'n derde rugbyveld voltooi. 'n Hokkieveld en atletiekbaan is ook aangelê. Die tennisbane is voltooi en 'n snoepwinkel maak sy verskynning.



1963 – 1976



Dr. G.J. van Lill

Dr. G.J. van Lill is vanaf 1 Julie 1963 tot 31 Maart 1976 die skoolhoof waarna hy lid van die Keurkomitee van die Kaaplandse Onderwysdepartement word.





Die D.P. du Toit pawiljoen word langs die rugbyveld opgerig, twee addisionele netbalbane met 'n teeroppervlak word aangelê en talle uitbreidings word op die terrein aangebring.



Nuwe laboratoriums, klaskamers, kantore ook vir die opsigter, 'n groter personeelkamer, 'n skuur vir die skoolbus, 'n nuwe skoolkafee, feitlik 'n nuwe saal met 'n galerij, 'n groter verhoog, 'n projeksiekamer en kombuisgeriewe word aangebou. 'n Sentrale biblioteek word begin en 'n interkomstelsel in die saal asook 'n outomatiese skoolklok word geïnstalleer.

'n Skaakkub, skoolorkes, dramavereniging, drilpeloton, swemklub en die Hoëskool Grens Veldkornetskap word gestig en noodhulp word begin.

'n Nuwe skoolbus word in 1969 aangekoop en die nooiensvaart is met 'n atletiekspan na Queenstown onderneem en verskeie opvoedkundige toere word daarna onderneem.

Nuwe skooldrag word vanaf Januarie 1973 ingevoer. Eerstespanbaadjies, erekleurbaadjies, oudleerlingkleurbaadjies en akademiese erekleure word ingevoer. Die Ouer-onderwysersvereniging kom eenmaal 'n kwartaal bymekaar en die aksiefront is die Dameskomitee o.l.v. mev. Van Lill.

Leerlinge verteenwoordig die skool op Jeugleierskonferensies asook die Junior Stadsraad en lewer 'n Junior Onderburgemeester op.

Die Hoëskool Grens word nou met sy voete stewig op die **akademiese landkaart** geplaas.

Annelise Rudman verower in 1966 die Burgemeestersmedalje vir die hoogste gemiddelde persentasie van al die leerlinge in die Oos-Londenskole in die Senior Sertificaateksamen.

Deon Reynders en René van Zyl behaal in 1967 'n vierde en sewende plek onderskeidelik in Kaapland in die Senior Sertifikaateksamen. Deon ontvang die Burgemeestersmedalje in 1967; so ook Jeanne Joubert in 1969 en Peter Ennis in 1970.

In 1974 is Amanda Knoetze, Hanneke Yspeert en Helena Swart die enigste drie leerlinge in Oos-Londen wat 'n A-gemiddelde simbool in die Senior Sertifikaateksamen behaal en Amanda Knoetze ontvang ook die Burgemeestersmedalje. Helena Swart verwerf 'n musiekbeurs van Unisa op grond van haar uitstekende musiekeksamens-uitslae.

'n Akademiese hoogtepunt word in 1975 bereik toe die Hoërskool Grens saam met die Hoërskool Westerford tweede in Kaapland geplaas word.

Die **kultuurprestasies** bly ook nie agterweë nie.

Tussen 1967 en 1972 word 17 eerste pryse by die landswye A.T.K.V.-kunsuitstellings verower. By die landswye Afrikaanse kunswedstryd word 19 eerste pryse vir skilderwerk ingepalm asook 14 eerste pryse in die kunsvlaayafdeling.

By die Eisteddfod in 1973 is dit die eerste keer in die 47-jarige bestaan van die Oos-Londen Eisteddfod dat leerlinge van een skool nl. die Hoërskool Grens ál ses bekers in die klavieraafdeling wen. Elizma de Goede (Franse horing) en Johnny Hay (viool) is in 1975 lede van die Oos-Londense Jeugorkes.

Professor P.J. Lemmer, toe nog meneer, een van Suid-Afrika se mees befaamde komponiste en musici, begin in 1965 'n dogterskoolkoor wat uit 120 lede bestaan, in 1965 is hulle 180 lede en word 'n langspeelplaat van hulle sang gesny. In 1968 het die koor tot 189 lede gegroeei en die wydbekende koor speel ook 'n aktiewe rol in die kultuurlewe van Oos-Londen en ontvang menige staande ovasisies.



In 1967 kompeteer Wouter Scholtz in die Rotary Quiz saam met drie leerlinge, een elk van Clarendon, Selborne en De la Salle, deur middel van 'n kasset met vier leerlinge van plaaslike skole in Altrincham, Engeland, en klop hulle met een punt.

Die skool verower in 1969 vir die derde agtereenvolgende jaar 'n skildery, wat deur die Nasionale Pers geskenk word, aan die skool wat die beste in die Rapportryer Redenaarskompetisie vaar. Sarette Theron

neem aan die eindronde van die landswye Padveiligheidsraad Redenaarskompetisie deel.

Op sportgebied word die spore ook dieper getrap.

Die heel eerste Danie Craven rugbyweek, waarvan mnr. C.P.F (Reus) Marais een van die stigterslede was, word in 1964 in Oos-Londen gehou en drie Grensleerlinge word vir die A-span en vyf vir die B-span gekies.


Die seuns- en dogtersatletiekspanne ryg op 'n gereelde basis die skilde by die Rotariër en Oos-Londen Hoëskole Atletiekbyeenkomste in.

Suzette Pretorius verbeter in 1968 die SA rekord in die 80 m-hekkies by die SA Junior kampioenskapsbyeenkoms. Rosa du Randt behaal in 1969 'n tweede plek in spiesgooi by die SA Junior kampioenskapsbyeenkoms asook by die Junior SA Spele.

Erich Klokow word in 1972 as reserwe vir die Springbok Branderplankry-span wat in Kalifornië deelneem, gekies.

Vanaf 1964 tot 1975 lewer die skool 229 provinsiale verteenwoordigers op.

1976 – 1989



Mnr. D.P. Marais

Mnr. D.P. Marais neem in Julie 1976 die leisels oor tot met sy aftrede in April 1989.

Die skool kry drie nuwe tennisbane by en beskik nou oor drie hokkievelde, een krieketkolfblad met vier oefennette, vyf netbalbane, .22-skietbane en in 1982 word die nuwe swembad in gebruik geneem.

Die Lourier vervang die Histerika en word ‘n volwaardige skoolkoerant. Die eerste ouerdag word gehou en dien as ‘n fondsinsamelingsveldtog en word ‘n jaarlikse instelling. Die skool se eerste pretdraf word gehou. Drompoppies, muurbal en ‘n rekenaarklub word begin en leerlinge neem aan die landswye Bedryfspel deel.



In 1984 vier die skool sy vyftigste bestaansjaar. Mnr. H.A. Lambrechts, die Direkteur van Onderwys, is die geleentheids spreker, Mnr. Reus Marais, ‘n oudonderwyser, rig ‘n paar woorde van gelukwensing en ds. Mike Smuts (snr.), een van die skool se eerste leerlinge, lei die dankdiens op Sondag, 29 Januarie 1984.

Die skool lewer ‘n Junior Onderburgemeester en ‘n Junior Stadsklerk op en uitruilstudente van die skool gaan na Duitsland asook na New York.

Die skool staan vas op die **akademiese landkaart**.

Mario Marais verower die Burgemeestersmedalje in 1976. Jean Greyling beklee in 1983 ‘n agste plek in Kaapland in die Senior Sertifikaatskomsien. Kobus van der Westhuizen verower die Burgemeestersmedalje in 1984, Gerda Bence in 1985 en Chris Terblanche in 1986.

In 1987 ontvang Ernst van Biljon (matriek, 1982) die Abe Bailey-beurs vir ‘n oorsese studiereis, en Edmund de Beer (matriek, 1981) en Jean Greyling (matriek, 1983) ontvang die beurs in 1988.

Die kultuurlewe bly aktief.

Twee van Brenda du Preez (Maritsa) se sangplate behaal die nommer een posisie op die Afrikaanse treffersparade en sy ontvang in 1976 by die jaarlikse SARIE-toekennings die toekenning vir die belowendste sangeres van die jaar.

Die Voortrekkers bereik ‘n hoogtepunt in 1981 met die skool se eerste Presidentsverkenner, Gerda van der Westhuizen, en ‘n eerste Hoofleierswagtoekening aan Sonja Wend.

In 1983 neem Jean Greyling en Cissie Thompson in die finale ronde van die Junior Rapportryer debatskompetisie deel.

Op sportgebied word die vlerke wyer uitgesprei.

Pietie Neveling is in 1976 en 1977 ‘n SA Dwerggewigbokskampioen en Lukas van Vuuren is in 1976 die SA Kuskampioen in die vlieggewig-seniorafdeling.

Negentien spelers en mnre. Marais (skoolhoof en spanbestuurder) en J. le Roux (afrigter) onderneem in 1981 ‘n rugbytoer na Argentinië en speel ook in Chili en Uruguay. Hulle wen al die skoolwedstryde.

Die seuns- en dogtersatletiekspanne wen op ‘n gereelde basis die skilde en bekers, soms almal, by die Rotariër en Oos-Londen Hoërskole Atletiekbyeenkomste.

Myrtle Simpson word in 1982 die eerste Junior Springbokatleet wat deur die skool opgelewer word en word derde op die SA ranglys in die 400m gekeur. Sy verwerf later haar Springbokkleure in die item.

Hanlie-Marie de Beer is in 1981 no. 6 in die o.16-Tennisouderdomsgroep, neem in 1982 die 29ste plek op die SA Tennisranglys in en in 1983 behaal sy en in 1986 Lydia Janse van Rensburg die 25ste plek.

Elsmarie Louw behaal in 1987 ‘n SA rekord in o.13-Tweekamp.

Vanaf 1976 tot 1985 is daar 229 provinsiale verteenwoordigers.

1989 – 2001



Mnr. W.G. Terblanche

Mnr. W.G. Terblanche word in April 1989 as skoolhoof aangestel.

In 1991 word die skool 'n model B-staatskool en in 1992 'n model C-staatsondersteunde skool.

'n Klubhuis, Die Loods, word in 1993 opgerig waar die fietsloods was. 'n Raadsaal word ingerig en 'n sportburo word ingestel. 'n Ontspanningsterrein met braaiplekke word vir die koshuisleerlinge aangelê.

Die oudskolierebond kom op 16 Januarie 1990 amptelik tot stand. Die eerste Presteerdersdinee en Moeder- en Tienertee word aangebied en word daar ook met waterpolo as 'n skoolsport begin.

Gedurende die tydperk lewer die skool drie Junior Burgemeesters en 'n Junior Stadsklerk op. Pieter-Schalk Bothma word by 'n nasionale byeenkoms as die beste Junior Burgemeester in Suid-Afrika aangewys.

Uitruilstudente van die skool gaan na Duitsland, Engeland, VSA en Brasilië.

Sunet Uys is in 1991 een van die tien finaliste in die Volksblad se Matrikulant van die Jaar kompetisie.

Op die **akademiese gebied** presteer die leerlinge uitstekend.

Andrew le Roux eindig in 1989 en sy suster, Antoinette, in 1992 onder die top twintig in Kaapland. Andrew behaal die hoogste punte vir Natuur- en Skeikunde in die land. Beide ontvang ook die Burgemeestersmedalje, maar daarna word die medalje nie meer aan leerlinge toegeken nie.

Jacques Pienaar behaal in 1994 die vierde plek in die land in die junior afdeling van die SA Taalbondeksamen en vyftien leerlinge eindig onder die boonste 20% in die landswye Wiskunde Olimpiade en in 1996 herhaal vier leerlinge dié Wiskunde prestasie.

Ian Humpel neem in 1995 aan 'n landswye eksamen in Duits vir nie-Duitssprekende leerlinge deel. Sy prestasie is van so 'n aard dat die Duitse Pedagogiese Vereniging hom nooi om vir vier weke as hulle gas in Duitsland deur te bring.

In die jaar 2000 eindig Theuns Nel tiende in die Oos-Kaap in die Senior Sertifikaateksamens en Daniël Jordaan eindig ook onder die toptwintig in die Oos-Kaap.

Die **kultuurleerlinge** behaal besondere prestasies.

In 1994 word Dirk Nel by Sterre 2000 as wenner van die afdeling Beste Komposisie en as medewenner van die afdeling vir Beste Uitvoerende Kunstenaar aangewys. Johannes Niemand en Nicholis Louw dring in 1994 en 1995 tot die finale ronde van Crescendo deur.

In 1995 behaal die dogtersdrilpeloton 'n eerste plek by die Nasionale Drilkompetisie.

In 1997 word die Interactklub gestig en in 2001 word die klub o.l.v. me C.R. Gillespie as een van die landswye wenners in die Colgate Jeugkompetisie, waartydens liefdadighedsprojekte voorgelê word, aangewys.

Pieter-Schalk Bothma word in 1998 by die Nasionale Dalro-dramakompetisie as een van die 16 beste deelnemers aangewys. Hy dring ook deur na die finale ronde van die ATKV-Redenaarskompetisie.

Carien van der Burgh dring in 1999 deur na die finale ronde in die junior afdeling van die ATKV-Redenaarskompetisie.

By die English Forum Discussion ontvang Pieter-Schalk Bothma as voorsitter die beker vir die beste span en word hy as die beste voorsitter aangewys. Dit is 'n groot prestasie as in ag geneem word dat Engels die leerlinge se tweede taal is en hulle teen leerlinge van Engelse skole meeding.

In 2000 word 'n fotografiekklub weer gestig en in 2001 word Mariëtte Fourie en Marlene Janse van Vuuren se foto's vir die finale uitstalling van die landswye fotografiekompetisie van die Fotografiese Vereniging van SA vir hoërskole gekeur.

Die koor wat uit 75 lede bestaan, dring deur na die semi-finaal van die ATKV-Aplous-kompetisie 2000 en ontvang 'n silwertoekenning.

Op sportgebied word die Hoërskool Grens nou behoorlik op die Suid-Afrikaanse en Wêreldkaart geplaas.

In 1981 word Erika Coetzer as lid van die SA Plattelandse Atletiekspan uitgenooi en in 1990 word sy die eerste leerling van die skool en die Grensstreek wat vir die SA Skolehokkiespan gekies word.

Marilize Esterhuizen neem in 1990 aan die SA Junior Tennistoernooi deel en eindig onder die eerste 32 in die land. Op die SA Tennisranglys in 1991 verskyn Lisa Uys 31ste, Jeroen Schreinders 32ste en Renée Hornschuh 55ste, in 1992 is Gawie Venter 60ste vir o.18-spelers en Johann Meyer 18de vir o.14-spelers en in 1993 is Johann in die 22ste posisie. Elmar Steyn is die kaptein van die SA Skole B-tennisspan.

Elsmarie Louw verwerf in 1990 en 1991 haar Springbokkleure in Tweekamp en verwerf volwaardige Springbokstatus.

Alan Randall is in 1993 die o.16-Branderplankry-kampioen in die land en neem aan die Wêreld Skolekampioenskapsbyeenkoms in Bali deel. In 1994 word hy as Die Burger se Junior Sportman van 1994 aangewys.

Marli Venter word in 1995 na die Springbok Tweekampproewe genooi en beklee in 1997 die eerste posisie in SA Tweekamp.

Johann Meyer word in 1995 gekies om saam met die SA Ontwikkelingtennisspan in Engeland te toer, maar verkies om in die VSA aan toernooie deel te neem. Hy word in 1996 vir die SA Hoërskole Tennisspan gekies.

J.J. Schlebusch word in 1996 vir die SA Skolebranderplankry-span wat in Bali deelneem, gekies en behaal daar die 15de plek in die wêreld in die o.16-afdeling.

Charl Meyer speel in 1997 vir die SA o.16-Tennisspan in Kaïro. Reon Ferreira speel in die SA o.19-Tennisspan en Karen Human, o.18, verteenwoordig SA op nasionale vlak en speel in Morokko, Tunisië en Malta.

In 1998 word Charl Meyer en Karen Human gekies om ‘n SA Tennisspan in Egipte te verteenwoordig. Charl is ook in 1999 nommer een in dubbels o.18 in SA en neem in Griekeland, Malta en Saoedi-Arabië aan ITF-toernooie deel. Ruan Welgemoed is no. 3 in enkels o.14 en word gekies om SA in Chili en Argentinië te verteenwoordig. In 2000 is Charl Meyer die no. 1 speler in enkelspel o.18 in SA en Jan Harm Steenekamp no. 1 in dubbels o.18 in SA.

Vuyani Foslara verteenwoordig in 1999 die SA o.19-Rugbyspan by die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms en speel vir die o.18-SA Skolespan.

Fouché Venter word in 2001 vir die SA Junior Swemspan wat in Brasilië deelneem, gekies.

In die tydperk vanaf 1997 tot 2001 is daar 56 nasionale presteerders en verteenwoordigers (buiteskoolse bedrywighede ingesluit) en 262 provinsiale verteenwoordigers, 31 dubbele en drie driedubbele provinsiale verteenwoordigers.

Buiteskoolse aktiwiteite

In 1991 word Vicky Vosloo die SA o.14-kampioen in die Kata en in 1992 die o.15-kampioen.

In 1993 verower Roy Butterton die liggaamsboutitel as SA o.21-kampioen. Riaan Dercksen verower ‘n eerste plek by die SA kampioenskapsbyeenkoms in die seuns o.17-Kumite.

Vanessa Smith is in 1994 die SA Dames gholfkampioen in die B-afdeling en is in 1995 die reserwe van die SA Dames Junior gholfspan.

Riaan Dercksen verteenwoordig SA in 1994 by die Wêreld Karate kampioenskaps-byeenkoms en verower ‘n 18de plek. Vicky Vosloo verwerf ‘n vierde plek by die SA Karate kampioenskapsbyeenkoms. Lindi le Roux verwerf ‘n derde plek in die junior afdeling by die SA Branderroei kampioenskapsbyeenkoms.

In 1997 neem Rikus Smith aan die Wêreld Judo kampioenskapsbyeenkoms in Nederland deel. Marissa Pretorius en Hendrik Snyman beklee beide ‘n eerste posisie in SA Skopboks.

In 1998 behaal Lizanne Gomes ‘n eerste plek by die SA Grand Prix Perdry kampioenskapsbyeenkoms, Andreas Botha word vir die SA JKA Karatespan na Parys gekies en Nicorine du Preez behaal ‘n eerste plek in sponge by die SA Gimnastiek kampioenskapsbyeenkoms.

In 1999 behaal Eddie von Gericke ‘n eerste plek in SA Goju-Kai-karate o.21-Kumite en word gekies vir die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Indië. Lizanne Gomes is die nommer een in die SA Kinderperdry Sierspringkampioenspan.

In 2000 is Lizanne Gomes nommer een in die SA Perdrykuns en verteenwoordig SA in Abu Dhabi in die Verenigde Emirate tydens die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms. Julian Coetzee is eerste in die SA Ope Skopboks kampioenskapsbyeenkoms in die onder 71 kg afdeling vir juniors. Marthie von Gericke wen ‘n goue medalje vir Unison Kata tydens die SA Goju Kai Karate kampioenskapsbyeenkoms en Andreas Botha ‘n goue medalje in die o.17-afdeling tydens die SA JKA Karate kampioenskapsbyeenkoms.

In 2001 is Lizanne Gomes die SA Reserwe kampioen in perdrykuns; Marthie von Gericke (tweede in Kata Dames Ope) en Carlien Coetzee (tweede in Kumite Dames o.18) word gekies om SA Goju Kai Karate in Australië te verteenwoordig; Andreas Botha wen ‘n goue medalje tydens die SA JKA Karate kampioenskapsbyeenkoms en word gekies om SA JKA in Switzerland te verteenwoordig; Johan Bester stel

‘n SA rekord op met ‘n 63 kg tuna tydens die SA Nasionale Tunavisvangkompetisie en word vir die SA o.19-Diepseevisvangspan gekies. Debbie Petzer behaal ‘n derde plek in SA Jukskei.

Jacques Jansen van Vuuren verwerf Proteakleure in 2001 en verteenwoordig SA Ninjitsu in Caracas, Venezuela.

Mnr. J.D. du Plessis neem vanaf die einde van 2001 tot aan die einde van Maart 2004 as skoolhoof waar.

‘n Goed toegeruste gimnasium, geborg deur FNB, word in 2002 langs die saal ingerig.

Die skool lewer weer ‘n Junior Burgemeester op.

In 2002 is Nadia Janse van Vuuren deel van die groep wat sestiente landswyd in die Afrikaans Olimpiade gekom het en in 2003 is David Malan deel van die groep wat agste en Annelize Jordaan in die groep wat sestiente was.

Fouché Venter is in 2002 lid van die USSASA Skolespan wat aan die Wêreldgimnastrade in Frankryk deelneem en word weer vir die SA Junior Swemspan gekies. Hy verbeter die SA rekord vir sestienjariges in die 100 m vlinderslag. Hy verbeter in 2003 die SA rekord vir sewentienjariges in die 50 m en 100 m vlinderslag en kwalifiseer ook om aan die Wêreldbeker Kortbadgala deel te neem.

In die tydperk vanaf 2002 tot 2003 is daar 13 nasionale presteerders en verteenwoordigers (buiteskoolse bedrywigheede ingesluit) en 165 provinsiale verteenwoordigers.

Buiteskoolse bedrywigheede


In 2002 word Johan Bester vir die SA o.19-Diepseevisvangspan gekies, Andreas Botha wen goue en silwer medaljes by die SA JKA, Casper Grobler en Carlien Coetzee wen goue medaljes by SA Goju Kai Karate Kumite en Stephen Botha brons. Berno Stander word vir die SA Onderwaterhokkie B-span gekies.

In 2003 word Johan Bester weer vir die SA o.19-Diepseevisvangspan gekies en is kaptein van die span. Christiaan Heunis en Fouché Venter word gekies om aan die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms vir Vinswem in Suid-Korea deel te neem en swem kwalifiserende tye tydens die SA kampioenskapsgala. Angela Heunis verwerf ‘n goue medalje vir Kumite en ‘n silwer medalje vir Kata en Carlien Coetzee ‘n silwer medalje vir Kumite by die SA kampioenskapsbyeenkoms.

2001 - hede



Mnr. J.D. du Plessis is vanaf April 2004 tot op hede die skoolhoof.



'n Nuwe klubhuis, Die Dek, en aantrekkamers word op 21 Junie 2004 amptelik deur dr. Theunie Lategan, 'n oudskolier en Voorsitter van die SA Rugby-raad geopen. Die snoepie verskuif na Die Loods en word in 'n kafeteria omskep. In 2010 is die nuwe spreiligte langs die A-rugbyveld in werking en in 2011 by die netbalbane. Die Springbokke oefen in die Junie-vakansie van 2010 op die skool se A-rugbyveld en dit getuig van die hoogstaande gehalte van die veld. 'n Boorgat is op die terrein gesink en water is gevind.

Kantore word opgegradeer en die afrolkamer vergroot. Gedurende 2008 word in totaal 72 video- en audio-kameras in die klaskamers en ander dele van die skool aangebring en word met die aankoop van mimio-interaktiewe witborde en digitale data-projektors begin. In 2011 word 'n nuwe snoepie/kafeteria met 'n dek bo-op langs die klubhuis gebou.

Waterpolo word weer as 'n skoolsport begin, 'n Wiskunde Akademie word in die lewe geroep en 'n tweejaarlikse kaskarkompetisie vir fondsinsameling word ingestel. Daar is ook begin met 'n toekenningsgeleenheid waar daar sertifikate ter erkenning aan leerlinge se harde werk en oefening op sport- en kultuurgebied gegee word.

Die skool word jaarliks vanaf 2001 deur die Departement van Onderwys as 'n merksentrum gebruik en die koshuis word vir akkommodasie vir die merkers gebruik.

Die Ondersteunersklub begin weer in 2005 o.l.v. Hercules Nel en vanaf 2006 o.l.v. Garth Cerff en gaan van krag tot krag.

Mev. A. Pelser word in 2006 as die eerste vroulike adjunkhoof in die geskiedenis van die skool aangestel.



Gedurende die tydperk lewer die skool een Junior Onderburgemeester en een Junior Stadsklerk op waarna 'n nuwe stelsel beplan sou word.

Nikita Strydom word in 2007 as die Volksblad se Topmatrikulant van die Jaar aangewys.

Die Hoërskool Grens vier gedurende die feesnaweek van 26 tot 28 Junie 2009 die skool se 75-jarige bestaan in samewerking met die Ondersteunersklub en die Voorbereidingskool wat 50 jaar oud geword het. 'n Besondere verrassing was die boodskappe wat die skool van mnr. F. du Toit, seun van mnr. D.P. (Sprinkaan) du Toit wat die eerste onderwyser by die skool was, mnr. Theo Goddefroy, kleinseun van die stigterslid en seun van dr. Marius Goddefroy, een van die eerste Grensleerlinge asook mnr. Danie Rabie, seun van mnr. D.J. Rabie, die eerste skoolhoof, ontvang het. Selfs matriekleerlinge uit die veertigerjare, Louisa Loyd (1943) en Marié Hattingh (1945), laat van hulle hoor en mnr. Tielman Bosch (1945) en sy vrou, Elize, woon die fees by. Wat 'n voorreg was dit nie om na die toesprake van twee oudskoolhoofde, dr. G.J. van Lill (toe 91) en mnr. D.P. Marais (toe 80), te luister nie. Die dankdiens word deur twee oudleerlinge, ds. Maans van Lill (seun van dr. Van Lill) en ds. Jacques van Rensburg, gelei en oudleerling, Joe Niemand, sing gewyde liedjies wat deur homself geskryf is.

Talle uitruilstudente besoek Duitsland. Ses Maori-studente en hul videospan besoek die skool in 2010 as deel van 'n kulturele-interaksie en is in die skool en by die huisgesinne waar hulle tuisgaan, vir 'n Maori-televsieprogram afgeneem.

In 2011 ontvang mev. M. Kruger, sekretaresse, die trofee vir Kreatiwiteit en Inisiatief by die toekenningseleentheid van die landswye Skool Besigheidsbestuurder van die Jaar Toekenning.

Pragtige **akademiese prestasies** word behaal.

In 2005 beklee Wynand Pieterse met 'n gemiddelde van 106,48% die vierde posisie in die Oos-Kaap in die Senior Sertifikaateskamen en Leandri Cilliers (106,3%) in 2006 die tweede posisie en Kirsti Zeeman die sesde posisie. Nikita Strydom (106,2%) met sewe A's beklee die eerste posisie in die Oos-Kaap in 2007 en behaal 97% in drie hoëgraadvakke nl. Natuur- en Skeikunde, Rekeningkunde en Bedryfsekonomie asook 95% in Biologie HG. Chandré du Plessis (92,4%) met 7 A's behaal in 2010 in die tyd van die nuwe kurrikulum, waar bonuspunte nie meer geld nie, die tweede posisie in die Oos-Kaap.



Catie Oelofse verwerf in 2011 'n goue sertifikaat in die Lewenswetenskappe Olimpiade.

Op kultuurgebied word talle hoogtepunte bereik.

Dewald Oosthuizen in 2005, Berinda Brink in 2006 en Jacques Coetzer in 2007 word benoem as verteenwoordigers op die Nasionale Jeugraad van die Voortrekkers en Jacques ontvang in 2008 die Penning vir Uitstaande Jeugdiens Goud.

Poësie en Prosa word ook nie agterweé gelaat nie. Rhonwen Baker, Quenton Oosthuizen en Marizelle Trollip se gedigte word in 2004 in 'n bundel As die Wiel Draai gepubliseer. Rudi Scholtz se opstel is vir publikasie in English Alive, 'n publikasie van Engelse gedigte en opstelle waar slegs die topinskrywings gepubliseer word, opgeneem.

In 2005 verskyn 'n Afrikaanse gedig van Rhonwen in digbundel 63 van Die Woordgilde. 'n Engelse gedig van Rhonwen word in die digbundel, Eternal Reality, asook 'n Engelse gedig van Nikita Strydom in die digbundel, Silent Skies, beide van die Poetry Institute of Africa, gepubliseer.

In 2006 verower Nikita die Afrikaanse Dameskring Wisseltrofee vir die mees belowende hoërskoolleerling in poësie. Tricia Pretorius en Greta Schultz vertaal in 2007 tradisionele stories van verskillende kulture wat deur mev. L. Tennant, oudonderwyser, in Engels geskryf is en die verhale word gepubliseer. 'n Afrikaanse gedig van Tricia word in 2007 in die bundel, Collaged Confession, gepubliseer.

In 2008 dring Melanie Kapp na die semi-finaal van Supersterre deur en haar derde CD het reeds verskyn. Evert Esterhuizen dring na die finale ronde van die ATKV-Redenaarskompetisie deur, so ook in 2009 en Anri Erasmus in 2011.

Geskiedenis word in 2009 gemaak toe die skool se produksie Die Stommes by die ATKV-Tienertoneelkompetisie aangewys is as een van die toptien tienertoneelstukke in die land. By die nasionale ronde by die Aardklop Kunstfees word Alma Nel as die mees belowende speler genomineer. In 2010 is die eenbedryf Malle Mall weer onder die toptien en word Nico Meiring vir die beste akteur en Siviwe Takana en Burger Terblanche vir die beste ondersteunende akteurs by Aardklop genomineer.

Die Rock-groep, Zondernaam, bestaande uit Jean du Rand (vokaal en kitaar), Francois Zietsman (kitaar), Wessel Myburgh (baskitaar) en Heinrich Kotzé (dromme) wen in Desember 2010 die landswye MK Rockspaider musiekkompetisie.



Die tweejaar-oue Marimba-orkes verwerf in 2011 twee trofeeë by die sesde Nasionale Marimba-kompetisie in Boksburg.

Op sportgebied gaan dit voor die wind.

Karlien Lötter is in 2004 no. 18 op die SA Tennisranglys en Thando Mziba behaal 'n vyfde plek in SA in die 5000 m Stap vir seuns o.15.

In 2004 word Sonja van der Vyfer en Karin van der Vyfer vir die o.21-Vroue Federasie netbalspan gekies en Karen in 2005 ook vir die o.19-span terwyl die eerste netbalspan sesde eindig in die Nasionale o.19-Uitdaagtoernooi en vyfde in 2005 en 2010.

Die eerste rugbyspan eindig in 2004 tweede in die Media-24 kompetisie vir mediumskole en in 2005 wen

die eerste span die Nashua Rugbyweek in Vryheid, KwaZulu-Natal. In 2006 toer die eerstespangoep o.l.v. Carlo van Zyl (afrigter), mnr. L. Koorsen (hulpafrigter) en mnr. A. Engelbrecht (personeellid) na Argentinië en Uruguay en wen vier uit die ses wedstryde.

Christiaan Heunis verower 'n vierde plek in borsslag by die SA Swem kampioenskapsbyeenkoms in 2004 en Johannes Coetzer kwalifiseer in 2005 om aan die Nasionale Afrika Gala deel te neem.

Johannes Coetzer word in 2004 vir die SA Biathlespan wat in Duitsland aan die Wêreld kampioenskapsbyeenkoms deelneem, gekies en behaal 'n 10de plek in die o.16-ouderdomsgroep. In 2006 behaal hy 'n sesde posisie in die o.18-ouderdomsgroep by die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Engeland. Zandré le Roux verwerf in 2007 haar SA Kleure in Biathle en neem as SA spanlid aan die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Monaco deel.

Angelique Taai verteenwoordig in 2005 die SA o.19-Meisiekrieketspan, word as die mees veelsydige speler aangewys en verwerf Protea-kleure as lid van die SA Vrouekrieketspan.

Maryka Kirchoff blink ook uit in meisiekrieket en word in 2007 in die SA All Stars Team ingesluit.

Nikita Strydom word in 2007 gekies om SA in triathlon in Duitsland, duathlon in Hongarye en aquathlon in Meksiko te verteenwoordig, maar as gevolg van haar akademiese verpligte neem sy nie deel nie.

Marcelle van Zyl word in 2008 gekies as lid van die o.16-Muurbalspan wat SA in die Verenigde Koninkryk verteenwoordig en val in haar ouderdomsgroep tussen die 32ste en 54ste posisie in die wêreld. Tinus en Dewald Allers behaal die twaalfde en tiende plek onderskeidelik in hulle ouerdomsgroepe by die Wêreld Biathle kampioenskaps-byeenkoms in Monaco.

Marné Eramus stel twee nuwe SA Hoërskole rekords nl. in die 50 m vlinderslag en die wisselstagaflos in 2009 op en is in 2009 en 2010 derde op die ranglys van Swem SA vir die 50 m en 100 m vlinderslag. In 2011 is sy tweede op die ranglys van Swem SA vir die 50 m vlinderslag en derde vir die 100 m vlinderslag en is vir die tweede jaar deel van die Nasionale Swem Jeugofengroep.

Marné is ook as lid van die SA Swemspan wat op die Isle of Man aan die Junior Statebondspele deelgeneem het, gekies en behaal 'n eerste posisie in die 50 m vlinderslag en 'n derde posisie in die 50 m vryslag.

Anneke Bosch word in Desember 2010 vir die SA o.19-Meisiekrieketspan gekies.

Dewald Allers behaal in 2011 'n tiende plek in sy ouerdomsgroep en Cornel Herbst 'n tweede plek in die o.18/19-afdeling by die SA Biathle kampioenskaps-byeenkoms.

Cornel Herbst verteenwoordig in 2011 die SA Duathlonspan wat in Spanje deelneem en behaal 'n derde plek.

Vanaf 2004 tot 2010 lewer die skool 28 nasionale verteenwoordigers en presteerders en 198 provinsiale verteenwoordigers op.

Deur die dekades is goue toekennings by die Eisteddfods vir musiek- en dramaleerlinge asook die sanggroep aan die orde van die dag. Uitstekende prestasies word ook in die Unisa- en Royal School musiekksamens en SA Spraak en Drama Kollege eksamens behaal. Die skool lewer ook talle Cravenweek rugbyspelers op.

Buiteskoolse bedrywighede

Elmari Cronjé verwerf in 2004 'n derde plek in die senior afdeling van Dee M. Fashion Promotions se modelkompetisie en wys 'n geleentheid in Londen van die hand om eers haar studies te voltooi, maar is in 2005 na Italië om modefoto's vir 'n internasionale katalogus te laat neem. Zilke Goosen is in 2004 die

Junior Model van die Jaar en kry in 2005 die geleentheid om oorsee internasionale modelwerk te doen. Diane Erasmus is na Parys en Londen as deel van haar prys as Model van die Jaar. Beide Zilke en Elmari verskyn in 2005 in internasionale en in 2005 en 2006 in nasionale tydskrifte.

Carien Smith en Corlia Visagie slaag in 2005 die hoogste kwalifikasie nl. die graad 8–balletekksamen by die Royal Academy of Dancing met lof. Carien lê ook balletekksamens op universiteitsvlak af en verwerf universiteitstoelating. Beide verwerf silwer in die Flamenco-eksamen. Carien slaag die Elementêre Spaanse eksamen en Corlia die eksamens in moderne en klopdans met onderskeiding. In 2005 slaag sy nog eksamens by die Spanish Dance Society met onderskeiding.

Wessel Pieterse kwalifiseer in 2006 as ‘n finalis in die Mn. Junior Afrika-kompetisie en Nikita Strydom kwalifiseer as internasionale instrukteur vir Spinning.

In 2009 wen Ruan Brand die Kadetafdeling in Skoepgolfry tydens die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Australië.

In 2010 verwerf René Dyer ‘n goue medalje vir Unison by die Goju-Kai Karate Wêreld kampioenskapsbyeenkoms en Stefan Roberts word gekies om aan die Karate Wêreld kampioenskapsbyeenkoms in Barbados deel te neem.

Lene van der Walt slaag in 2011 die finale danseksamen van die SA Dans Akademie met ‘n gemiddeld van 92% en word vir die SA Disco-dansspan gekies wat in Maart aan die Wereldkampioenskapsbyeenkoms by Sun City gaan deelneem.

Lizmarie Spies ontvang in 2011 ‘n Springbok-toekenning vir Landsdiens.